Die Hoër Tegnologiese Skool
# John Vorster

12 November 2025

OUEROMSENDBRIEF 8 VAN 2025

Geagte JV-Ouers/-Voogde

Net ’n paar sake ter inligting:

1. **SKOOLGELD 2026**

Hiermee die skoolgeld vir 2026 soos goedgekeur op die ouervergadering wat op 3 November 2025 plaasgevind het.

<u>UITTREKSELS UIT DIE RESOLUSIE</u>

**2026 Begroting: Skoolgelde 2026**

| Graad 8 – 11 | Mnd | Graad 12 | Mnd |
|---|---|---|---|
| R3 340pm per kind | 11 | R 3 674 pm per kind | 10 |
| R3 267pm vir 2de kind | 11 | | |

R 36 740 per kind per jaar

Gesinskorting van R800 (2 kinders en meer)

R800 afslag indien skoolgeld teen einde Feb 2026 ten volle vereffen is.

## 2. 2025-RESOLUSIE VIR KENNISNAME

- *2026-skoolfonds en -fooie*

*Skoolfooie is betaalbaar vir alle leerders wat HTS John Vorster bywoon en die skoolfonds is bepaal in ooreenstemming met die bepalings van Artikels 38 and 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (SASW).*

- *Dat die begroting, soos wat die Beheerliggaam voorstel, goedgekeur word en dat die Beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat op begrote bedrae vir bepaalde begrotingsitems ontstaan, uit oorskotte aan te vul wat by ander items kan ontstaan, mits die totale begroting nie sonder goedkeuring van die Ouervergadering oorskry word nie;*
- *Die skoolfonds is bepaal in terme van die bogenoemde Wet en dek alle deelname van die leerder in enige van die skoolprogramme, soos gedefinieer en goedgekeur deur die ouers;*
- *Alle ander programme of aktiwiteite buite die goedgekeurde skoolprogram is vrywillig en mag addisionele kostes beloop;*
- *Skoolgeld vir 'n betrokke jaar is vooruit betaalbaar;*
- *Afbetalingsopsies word as 'n vergunning aan ouers beskikbaar gestel;*
- *Die voorwaarde verbonde aan die vergunning is dat die skoolgeld maandeliks voor of op die 7de (sewende) dag van elke maand betaalbaar is;*
- *Sou 'n ouer versuim om die skoolgeld stiptelik te betaal, sal die volle bedrag vir die bepaalde skooljaar onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees en behou die skool die reg voor om, indien nodig, regstappe te neem vir die invordering van die uitstaande gelde;*
- *en dat in so 'n geval die ouer aanspreeklik sal wees vir enige regsonkoste op 'n skaal soos tussen kliënt en prokureur bepaal;*
- ***'n Ouer se skoolfonds (tot welke bedrag hy/sy vrygeskeld is) is 'n statutêre verpligting**;*
- *Die skool behou die reg voor om enige inligting verskaf, te verifieer en na te gaan;*
- *Alle ouers is verplig om skoolfonds te betaal in terme van Artikel 40 van die SASW, tensy hulle vrystelling ontvang het.*
- *Die skool implementeer die Vrystellingsregulasie soos gepubliseer in die Staatskoerant, No. 29311 van 18 Oktober 2006 .*
- ***Aansoekvorms vir vrystelling kan vanaf 1 Desember 2025 per e-pos aangestuur word aan ouers wat navraag doen.***
- *Ongeag die bovermelde bepalings bly 'n ouer/voog aanspreeklik vir skoolfonds tot tyd en wyl daar aansoek gedoen is om vrystelling en sodanige vrystelling goedgekeur is.*
- *Die Skoolbestuur en betrokke Beheerliggaamlede onderneem om volledige aansoeke binne 30 dae na ontvangs te verwerk en ouers binne 7 dae na die besluit geneem is, skriftelik in kennis te stel van die uitslag.*
- *Onvolledige vrystellingsaansoeke sal nie deur die BL verwerk word nie. Dis is die plig van die ouer of voog om te verseker dat sy / haar aansoek volledig, met toepaslike aanhangsels ingedien word.*
- *'n Handboekgebruikersfooi sal teen 'n bedrag van R500.00 per leerder, vir die 2026-boekjaar, gehef word. Hierdie fooi is nie 'n terugbetaalbare deposito nie en word slegs*

*eenmalig per jaar, vir die gebruik van die handboeke, gehef. Die fooi sal op die skoolgeldrekening gehef word en is betaalbaar voor 28 Februarie 2026. Hierdie fooi sal nie deel vorm van enige vrystellingsaansoek nie.*

- *'n Fooi van R300.00 vir verlore handboeke of handboeke wat nie ingehandig word nie, sal betaalbaar wees per handboek. Die ouer het ook die opsie om self die verlore handboeke te vervang en in te handig by die skool. Nuwe handboeke sal nie voorsien word voordat die handboeke nie vervang is of die fooi betaal is nie.*
- *'n Fooi van R100.00 vir herstelkoste sal betaalbaar wees ten opsigte van alle handboeke wat herstelbare foute het. Die ouer het ook die opsie om self die handboeke te laat herstel en in te handig by die skool. Die sperdatum vir die inhandiging van herstelde handhoeke is 01 Desember 2025. Daarna sal 'n verlorehandboekfooi gehef word indien die handboeke nie ontvang is nie. Nuwe handboeke sal nie voorsien word indien die handboeke nie ingehandig of die fooi betaal is nie.*
- *Indien 'n leerder se handboek wegraak/beskadig is, word die ouer verplig om die handboek self te vervang. Nuwe handboeke sal nie voorsien word indien die handboeke nie betaal is nie.*
- *Geen skrifte sal aan leerders voorsien word saam met die ontvangs van handboeke nie. 'n Benodigdhedelys sal per graad en vak beskikbaar gestel word ten opsigte van skrifte wat benodig gaan word. Ouers en/of voogde sal die verantwoordelikheid hê om self die nodige skrifte aan te koop. Die skool sal wel 'n opsie hê om 'n skriftepakket te kan aankoop.*
- *Indien 'n leerder gedurende die loop van jaar van vakke verander, waarvoor 'n werksboek noodsaaklik is (bv Wiskunde na Tegniese Wiskunde of Fisiese Wetenskappe na Tegniese Wetenskap), **moet die werksboek self deur die leerder/ouer aangekoop word**; dit is nie die skool se verantwoordelikheid nie.*

## 3. BANKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| REKENINGNAAM | HTS JOHN VORSTER |
| BANK | FNB |
| TAKKODE | 251545 |
| REKENINGNOMMER | 63128801479 |
| VERWYSINGSNOMMER | LEERDER SE TOELATINGSNOMMER |

## 4. TYDPERK 24 NOVEMBER TOT 12 DESEMBER:

Vir alle grade 8- tot 11-leerders eindig die eksamen op 21 November; leerders bly dan tuis.

## 5. RAPPORTE

Rapporte word op 5 Desember van 07:00 tot 08:00 aan leerders versprei. 'n Rapport sal vir 'n boetie/sussie gegee word, *slegs indien daar skriftelike toestemming deur die ouer/voog daartoe gegee word.*

*Geen rapporte sal aan leerders se vriende uitgedeel of per e-pos gestuur word nie*. Indien u nie die rapport op die gegewe tyd kan kom haal nie, sal die Adminkantoor nog oop wees tot Woensdag, 10 Desember om 11:00. Daarna kan dit in 2026 ontvang word.

Die leerders ontvang op 5 Desember hul rapporte in die volgende lokale:

Graad 8 – kamer 114

Graad 9 – kamer 113

Graad 10 – kamer 118

Graad 11 – kamer 119

**MATRIEKUITSLAE**

Matriekuitslae word volgens nuusberigte, op 14 Januarie 2026, deur Umalusi aan die skool beskikbaar gestel. Ons hou die nuus saam met u dop.

JV-groete.

A Dowd

HOOF